Achmat in Den Haag van volksmoord aangekla

MICHELÉ O'CONNOR

KAAPSTAD. – 'n Klag van volksmoord teen die leier van die Treatment Action Campaign (TAC) wat nou by die internasionale strafhof in Den Haag ingedien is, is gister met stilswye begroet.

Mnr. Nathan Geffen, woordvoerder van die TAC, het gister gesê nóg die groep nóg mnr. Zackie Achmat, TAC-leier, gaan kommentaar lewer oor die klag van die Treatment Information Group (TIG) teen Achmat. "Die TAC het besluit om nie kommentaar te lewer nie, aangesien die TIG geen publisiteit verdien nie," het Geffen gesê.

Die TIG het reeds 'n brief vir die erkenning van ontvangs van die klag, waarvan *Die Burger* 'n afskrif het, van die hof ontvang. Dié brief se egtheid kon egter teen gisteraand nie bevestig word nie. Dit is aan die hof se hoofaanklaer, mnr. Luis Moreno-Ocampo, gerig.

Luidens die klag is Achmat skuldig aan volksmoord omdat hy die gebruik van "giftige" antiretrovirale middels bevorder en 'n handlanger van groot internasionale farmaseutiese ondernemings is.

Die klag is deur adv. Anthony Brink, voorsitter van die TIG, namens dié groep en die Rath-gesondheidstigting Afrika, ingedien.

Luidens die klagstaat het Achmat die TAC gestig met die uitsluitlike doel om die verkope van teenmiddels namens internasionale farmaseutiese ondernemings in Suid-Afrika aan te spoor. "Die TAC het sedert sy ontstaan in 1998 'n intense politieke stryd gevoer om Suid-Afrika se eerste demokratiese regering te dwing om handelsooreenkomste met internasionale farmaseutiese ondernemings te sluit. Ingevolge die ooreenkomste het die regering ingestem om die teenmiddel AZT aan te koop en dit dan aan staatshospitale en klinieke te voorsien. Dié instellings het dit weer gratis aan arm inwoners, oorweldigend swart, voorsien."

Luidens die klagstaat het Achmat die regering ook in 2002, met 'n appèlsaak, gedwing om die middel Nevirapine gratis aan MIV-positiewe swanger vroue, te verskaf. "Albei dié middels is giftig, het wetenskaplike studies later bevind."

Luidens die klagstaat is appèlregter Edwin Cameron, selferkende MIV-lyer, saam met Achmat ook 'n "energieke verkoopsman van teenmiddels".

Cameron, dr. Francois Venter, president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir MIV/vigsklinici, en dr. Peter Piot van België, direkteur van UNAids en vigskenner, word almal in die klagstaat van rassisme beskuldig.

Al drie dié partye het luidens die klagstaat negatiewe op- en aanmerkings gemaak oor swart mense se seksuele voorkeure en gewoontes.

Die hof word daarop gewys dat Achmat se moontlike verdediging, dat hy net graad 8 geslaag het en geen begrip van die wetenskap het nie, nie sy saak mag versterk nie.

Luidens die klagstaat het wetenskaplike navorsing en waarskuwings oor giftige teenmiddels en verskeie skerp waarskuwings van pres. Thabo Mbeki en dr. Manto Tshabalala-Msimang, gesondheidsminister, teen antiretrovirale middels, geen indruk op Achmat gemaak nie. Hy is luidens die klagstaat arrogant, en oneerlik oor die uitwerking wat dié giftige middels op hom het.

Zackie Achmat

"Achmat het onder meer al 'n hartaanval weens die middels gehad. Hy weier egter om dit te erken, omdat dit die bemarking van teenmiddels in Suid-Afrika sal skaad."

Achmat se nuutste veldtog, Get Tested, is net nog een van sy maniere om teenmiddels en die gebruik daarvan te bemark, lui die klagstaat.

Brink het gister by navraag gesê die TIG glo hy het beslis 'n sterk saak teen Achmat.

Die Burger 11/1/7